

BETREKKINGE TUSSEN SUID-AFRIKA EN ZAMBIË GEDURENDE DIE PREMIERSKAP VAN ADV. B J VORSTER

Elrida Bell

Universiteit van Pretoria

Inleiding

Tydens die premierskap van adv. B J Vorster — 1966 tot 1978 — het Vorster hom dit ten doel gestel om Suid-Afrika se betrekkinge met Afrika te normaliseer omdat hy besef het dat sy verhouding met die res van die wêreld grootliks bepaal word deur sy verhouding met die Afrikastate. Die diplomatieke offensief van Vorster om Suid-Afrika uit sy geïsoleerde posisie te lig, het bekend geword as die “uitwaartse beweging”, en was in die eerste plek toegespits op Afrika, daarna op Europa en die res van die wêreld.

Noord van Suid-Afrika was Zambië 'n vanselfsprekende keuse vir Vorster se uitwaartse beweging, nie alleen omdat Zambië die prentjie voltooi het om die ideaal van 'n ekonomiese magsblok te verwesenlik nie, maar ook omdat Zambië die enigste werklike frontliniestaat en ook 'n politieke brug na Sentraal- en Oos-Afrika was. Die Zambiese President, dr Kenneth Kaunda, het heelwat aansien in internasionale geleedere geniet as gevolg van sy afkeur van geweld en die feit dat hy meermale die “Christelike gewete” van Afrika genoem is.

Gespanne verhoudings, 1966—1974

Verskeie faktore het meegewerk om Kaunda tot 'n radikale teenstander van Suid-Afrika te omvorm. Eerstens was daar sy afkeur van die “aanstootlike” apartheid wat hy as 'n belediging vir Swart menswaardigheid beskou het. Verder het Kaunda se eie onsekere politieke basis in Zambië hom meermale genoop om Suid-Afrika van aggressie te beskuldig. Kaunda se woorde-oorlog teen Suid-Afrika het ook merkbaar toegeneem sedert die eensydige onafhanklikheidsverklaring in Rhodesië op 11 November 1966. In April 1968 het Kaunda, byvoorbeeld, in 'n brief aan Vorster verklaar: “The rebel authorities have in fact created an additional problem on the road to better understanding between South Africa and Zambia.”¹

Die aggressiewe houding van Kaunda sowel as sy deelname aan die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) se samesprekings wat dae van geweld teen Suid-Afrika beplan het, het die reeds gespanne verhouding tussen Suid-Afrika en Zambië tot breekpunt gevoer. Vorster het gevolglik in Oktober 1967 in 'n toespraak op Rustenburg 'n persoonlike aanval op Kaunda geloods en hom gewaarsku dat, indien Zambië sy woordestryd in aktiewe dae omsit, “... ons julle so hard (sal) slaan dat julle dit nooit sal vergeet nie.”² Kaunda se reaksie op hierdie waarskuwing het aan histerie gegrens. Hy het dit nie alleen as 'n dreigement van geweld teen Zambië beskou nie, maar ook teenoor die internasionale gemeenskap.³ Die OAE het ook 'n verklaring uit-

Dear Mr. Vorster ... Details of exchange between President Kaunda of Zambia and Prime Minister Vorster of South Africa, Zambia Information Services, Lusaka, 22 April 1971, p. 4.

2. B.J. Vorster-versameling, PV 132/11, INEG, Bloemfontein.

3. *Pretoria News*, 23 October 1967.

gereik waarin hulle beskerming aan Kaunda teen Suid-Afrika aanbied en na die dreigemente van Vorster verwys as “unjustified, uncalled for and unworthy of any sane person.”⁴

Ten spyte van gerusstellings van die kant van Suid-Afrika, het Kaunda tydens die Statebondskonferensie in 1968 verklaar dat Zambië geen ander keuse het as om homself te begin verdedig teen die aanvalle en dreigemente van Suid-Afrika nie: “(E)ither we allow ourselves to be wiped out or we defend ourselves.”⁵ Kaunda het ook die leiding geneem in die Afrikaveldtog teen Brittanje se wapenverkope aan Suid-Afrika. In 'n televisieprogram in Desember 1969 het Kaunda 'n beroep op die Westerse moondhede gedoen om wapenvoorsiening aan Suid-Afrika te staak omdat Suid-Afrika dit kwansuis sou gebruik in sy stryd teen Zambië en ander onafhanklike Afrikastate. Kaunda het verder gewaarsku: “The political argument used by the South Africans, was that the new ‘outward policy’ of the Republic, its attempts to win friends in Africa, removed the danger that South Africa posed to Independent Africa. We cannot believe it. We cannot be part of a confidence trick. The outward-looking policy of South Africa is not intended to create real friends among the Africans. We regard it as an exercise in hoodwinking the West about the readiness of the minority groups in control in Southern Africa, to co-operate with Independent Africa.”⁶

Vorster het hierdie beskuldigings ten sterkste ontken en in 'n poging om hierdie gerugte finaal die nek in te slaan, het Vorster hom ook bereid verklaar om met enige Swart staat 'n nie-aanvalsverdrag aan te gaan.⁷ Hierdie aanbod het egter geen reaksie uit Afrika gelok nie en Kaunda het steeds voortgegaan om bangmaakstories en gerugte oor Suid-Afrika se voorgenome inval in Zambië en ander Afrikastate te versprei.

Na aanleiding van die dialoogbeleid wat in die vroeë sewentigerjare tussen Suid-Afrika en sekere Wes-Afrikastate van stapel gestuur is, het Kaunda in 'n onderhoud met die *Times of Zambia* van Desember 1970, dialoog met Vorster verwerp toe hy verklaar het: “There is no question of a dialogue between Zambia and South Africa as long as John Vorster remains the spokesman of a minority group.”⁸ In reaksie hierop het Vorster vir Kaunda gewaarsku dat hy hom as 'n dubbelpriester aan die kaak sou stel.⁹ Op 21 April 1971 het Vorster op 'n dramatiese wyse in die Volksraad onthul hoedat Kaunda, ondanks sy openbare vyandelikhede jeens Suid-Afrika, sedert 1968 heimlik met Vorster onderhandel het, aanvanklik per brief en daarna via 'n persoonlike gesant.¹⁰ Tydens hierdie onderhandelings is daar verskeie kere ooreengekom om 'n persoonlike ontmoeting tussen Kaunda en Vorster in die geheim te reël. As voorsitter van die OAE wou Kaunda dit nie na buite rugbaar maak nie en om een of die ander rede kon Kaunda ook nooit hierdie afsprake nakom nie. Kaunda het dus in die geheim met Suid-Afrika onderhandel maar terselfdertyd 'n ketterjag in die openbaar gelei teen almal wat met die Republiek wou kontak maak. Hy het ook handelsanksies teen die Republiek gepropageer terwyl hyself in die geheim al hoe meer van Suid-Afrika ingevoer het. Die situasie het gevolglik vir Vorster onuithoudbaar geword en hy het besluit om die kontak wêreldkundig te maak.

Hierdie onthulling van Vorster moes inderdaad vir Kaunda in 'n ongemaklike

Africa Research Bulletin, vol. 4, no. 10, 1–31 October 1967, p. 891C.

Africa Research Bulletin, vol. 5, no. 7, 1–31 July 1968, p. 1134B.

6. *Africa Research Bulletin*, vol. 6, no. 12, 1–31 December 1969, p. 1622B.

7. *Debatte van die Volksraad*, 15 September 1970, kol. 4271.

8. Aangehaal in *Debatte van die Volksraad*, 21 April 1971, kol. 4990.

9. *Debatte van die Volksraad*, 5 Februarie 1971, kol. 385–386.

10. *Debatte van die Volksraad*, 21 April 1971, kol. 4981–4993.

posisie geplaas het. Hy het gevolglik besluit om die korrespondensie tesame met 'n persverklaring van sy Minister van Inligting, mnr S Wena, waarin die Zambiese saak verdedig word, op 23 April vry te stel.¹¹ Daar is ook 'n volledige verslag aan al die lede van die OAE gestuur waarin Zambië sy weergawe van die gebeure uiteengesit het.¹² Kaunda het ook ontken dat hy sy volk mislei het omdat hy van mening was dat hy steeds binne die beginsels van die Lusaka-manifes,¹³ wat die OAE in 1969 aanvaar het, opgetree het.

Vorster het bepaald met hierdie onthulling korttermynvoordele behaal, maar dit het sy geloofwaardigheid ten opsigte van geheimhouding van delikate onderhandelings 'n blywende knou besorg. Kaunda sou Vorster hierdie politiekery nooit vergewe nie en daarna uiters versigtig optree om homself nie weer in 'n soortgelyke posisie te plaas nie. Verder het dit Kaunda self in 'n onbenydenswaardige verleentheid geplaas en bowe-al ander, Afrika-leiers uiters bedag op moontlike "ontmaskering" gemaak indien hulle heimlik met Suid-Afrika in gesprek of geskrif sou tree. Vorster het inderdaad 'n *faux pas* en daarby 'n growwe een vir politieke gewin begaan. Die betrekkinge tussen Suid-Afrika en Zambië is vanselfsprekend hierdeur geskaad en daar is eers weer in 1974 pogings aangewend om tot 'n beter verstandhouding met Zambië te kom.

Die ontspanningspolitiek in werking, 1974—75: Onderhandelings oor die Rhodesiese vraagstuk

Vir Suider-Afrika was die Portugese staatsgreep van 25 April 1974 'n waterskeiding in gevolge die verreikende en dikwels traumatiese effek daarvan op die hele streek. Dit het die enigins gebalanseerde politieke kragte in die streek omvergewerp en het Suid-Afrika genoodsaak om 'n ernstige herwaardering van sy posisie, nie net in die subkontinent nie, maar ook in Swart Afrika as geheel te maak. Dit het duidelik geword dat Suid-Afrika spoedig nie meer deur 'n buffersone of *cordon sanitaire* — die Portugese Afrikagebiede en Rhodesië — van die res van die kontinent afgeskei sou wees nie. Die realiteite van hierdie geo-politieke situasie moes dus onder die oë gesien word en daarom het dit gebiedend noodsaaklik geword dat dinamiese nuwe inisiatiewe van die Suid-Afrikaanse regering mos uitgaan om die proses van dialoog op 'n meer betekenisvolle grondslag te heraktiveer ten einde een of ander *modus vivendi* met Afrika te beding. Vandaar die détente-poging wat primêr daarop gerig was om 'n ontlading van die gespanne politieke toestande in Suidelike Afrika te bewerkstellig.

Die eerste openbare aanduiding van die nuwe inisiatief in die ontspanningspolitiek van Suider-Afrika en breër dialoog met Swart Afrika, was dié van die Suid-Afrikaanse Premier toe hy die Senaat op 23 Oktober 1974 in Kaapstad toegesprek het. Vorster het in hierdie toespraak 'n nuwe grondslag vir samewerking met al die state van Suider-Afrika aangebied wat tot 'n herrangskikking van vriendskapsbande en die normalisering van betrekkinge met tot dusver vyandiggesinde state, kon lei. Dit was vir Vorster duidelik dat Suider-Afrika in hierdie stadium by 'n kruispad te staan gekom het waar hy sou moes kies "tussen vrede aan die een kant of eskalاسie van stryd

Dear Mr. Vorster ... Details of exchange between President Kaunda of Zambia and Prime Minister Vorster of South Africa, Zambia Information Services, Lusaka, 22 April 1971.

12. *Africa Research Bulletin*, vol. 8, no. 4, 1—30 April 1971, pp. 2072—2073.

13. Die OAE het in 1969 goedkeuring verleen aan die Lusaka-manifes wat 'n uiteensetting was van Swart Afrika se minimum voorwaardes vir dialoog met Suid-Afrika.

aan die ander kant".¹⁴ Hy het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika geen imperialistiese oogmerke gehad het nie, maar alleen begeer het om op alle moontlike terreine met die res van Afrika saam te werk. In plaas van wapengeweld en inmenging in die huishoudelike sake van ander state, het Vorster die gedagte van onderlinge hulpverlening, van stabiliteit en van rus en orde gepropageer. Hy het ook weer met 'n aanbod van nie-aanvalsverdrae die hand gereik aan wie in Afrika ook al geneë voel om dit te aanvaar.

Hierdie toespraak van Vorster is nie alleen goed ontvang elders in die wêreld nie, maar ook in Afrika self. Drie dae later, op 26 Oktober, het Kaunda hierop gereageer en daarna verwys as "the voice of reason for which Africa and the world have waited for many years".¹⁵ Indien die Suid-Afrikaanse regering gereed was om die weg van vrede te kies, sou Afrika ook, in ooreenstemming met die beginsels van die Lusakamanifes, gereed wees om 'n klimaat vir vreedsame veranderinge te skep. Kaunda het ook namens Afrika gepraat toe hy verklaar het: "We do not desire to see an escalation of conflict in Southern Africa. The consequences of such an escalation are too grave both in material and human sacrifice to be permitted either by design or by default."¹⁶ Volgens Kaunda het Suid-Afrika sy saak egter gaan bederf deur hom met Rhodesië te vereenselwig. Aangesien Suid-Afrika nie van buite bedreig is nie, was daar geen rede vir Suid-Afrikaanse betrokkenheid in 'n oorlog buite sy grense nie. Dit was gevolglik nodig dat Suid-Afrika hom van Rhodesië losmaak en sy polisie onttrek om sodoende die weg te open vir 'n skikking in die Rhodesiese vraagstuk.

Kaunda se woorde kan beskou word as 'n versigtige uitnodiging aan Suid-Afrika tot 'n gesamentlike oplossing van die verslegtende betrekkings in Suidelike Afrika. In die Suider-Afrikaanse konstellasië van state het Zambië 'n besondere plek beklee. Sy grondgebied is al vir 'n geruime tyd deur guerilla-groepe, wat teen Rhodesië en Suid-Afrika geopereer het, gebruik. Dit is betekenisvol dat Kaunda in sy reaksie dadelik 'n versoek tot Suid-Afrika gerig het om sy polisie uit Rhodesië terug te trek. Daardie polisie was in Rhodesië om te help met die stryd teen guerilla-insydeling. Hulle was, polities gesproke, 'n demonstrasie van Suid-Afrika se solidariteit met Rhodesië in 'n gesamentlike vernet teen revolusionêre gewelddadige verandering. Dit spreek dan vanself dat die terugtrekking van die polisie sou afhang van die beëindiging van aanvalle uit die Noorde. Ten spyte van Kaunda se aanbod om alle guerilla-aktiwiteite stop te sit terwyl onderhandelings plaasvind, was dit moeilik te bedink hoe hy dit kon waarborg. Hierdie reaksie van Kaunda het wel die hoop laat opvlam dat Vorster se toespraak inslag by Swart Afrika gevind het en dat daar ten minste by sekere Afrikastate 'n aanvaarding was dat Suid-Afrika se Blankes 'n reg op voortbestaan in Afrika het.

Vir Suid-Afrika se betrekkings met Swart Afrika was die Rhodesiese vraagstuk van die uiterste belang omdat Rhodesië immers die vernaamste hindernis op die weg na 'n normalisering van betrekkings was. Die Rhodesiese aangeleentheid het nie alleen die wêreld se aandag op Suid-Afrika gefokus as hoofsaaksieverbreker nie, maar het ook Suid-Afrika verplig om hulp aan Rhodesië aan te bied op ekonomiese sowel as militêre terrein. Indien Suid-Afrika sy betrekkings met Zambië wou normaliseer, moes die Rhodesiese aangeleentheid eers opgelos word.

14. *Debatte van die Senaat*, 23 Oktober 1974, kol. 3433.

15. *Southern Africa Record*, no. 2, June 1975, p. 17; *Africa Research Bulletin*, vol. 11, no. 10, 1-31 October 1974, p. 3388B.

16. *Southern Africa Record*, no. 2, June 1975, p. 17.

In sy betrokkenheid by die Rhodesiese geskil het Vorster — veral sedert 1974 — alles in die stryd gewerp om deur onderhandeling die strydende partye bymekaar te bring en vrede in die subkontinent te probeer bewerkstellig. Die pogings verteenwoordig die eerste werklike aanslag om die geskil tussen die uiterstes van die politieke denkrigtings binne Rhodesië self deur onderhandeling by te lê. Dit vorm 'n teenstelling met vroeëre pogings wat op afsonderlike onderhandelings van buitelandse partye — in die besonder opeenvolgende Britse regerings — met partye binne Rhodesië toegespits was. Onder die omstandighede het dit vir Vorster na die voordeligste gelyk om 'n skikking binne Rhodesië aan te moedig wat aan die aspirasies van die gematigde Swartes sou voldoen, verkieslik die Blanke minderheid daar beveilig en internasionale erkenning vir die staat verkry. Die Republiek sou dan verseker wees van 'n buurman met wie handels- en ander bande behoue kon bly, terwyl die ophef van sanksies teen Rhodesië vir Suid-Afrika ook 'n verligting sou wees aangesien hyself gevoelig was vir buitelandse druk.

Vorster se détente-vennoot, Kaunda, se steun vir détente spruit ook uit baie logiese redes. In die eerste instansie het Zambië hom in 'n ekonomiese krisis bevind. Die staat was bankrot en die hoë oliepryse, saam met die vervoerprobleme waarmee die in- en uitvoerbedryf opgesaai gesit het, het 'n blywende tekort van noodsaaklike goedere in die staat meegebring. Tweedens het die ineenstorting van die Portugese ryk, Zambië ingestoot in die voorste linies van die gewapende aanslag op die Wit Suide. Kaunda het dus gevaar geloop om regstreeks in 'n militêre konfrontasie met Suid-Afrika betrokke te raak. Alhoewel Kaunda hom beywer het vir die beëindiging van die Portugese beheer in Mosambiek, was hy bewus daarvan dat die kleiner maar veel beter toegeruste en gemotiveerde weermagte van Rhodesië en Suid-Afrika, 'n gevaarliker vyand as die Portugese was. Om hierdie redes het Vorster en Kaunda hulle onderskeidelik beywer om die twee strydende kampe in Rhodesië by 'n onderhandelingsproses te probeer betrek omdat albei die verwoestingskrag van 'n guerilla-oorlog in Suider-Afrika ten volle besef het.

Daar was in hierdie stadium veral drie partye onder die Swart Rhodesiërs aktief in die stryd betrokke: die *African National Council* (ANC) van biskop Abel Muzorewa, die *Zimbabwe African Peoples Union* (ZAPU) van mnr. Joshua Nkomo en die *Zimbabwe African National Union* (ZANU) van eerw. Ndabaningi Sithole. Laasgenoemde partye was beide as verbode organisasies in Rhodesië verklaar en hulle leiers in gevangenis. ¹⁷

Diplomatiese onderhandelinge tussen Suid-Afrika en Zambië het reeds kort na die Portugese abdikasie begin. Teen Oktober 1974 het dit gelei tot geheime onderhandelings tussen Vorster en die gesante van die Presidente van Zambië, Botswana en Tanzanië in Kaapstad en later in Pretoria. Dit het ook tot verdere ontmoetings tussen die verteenwoordigers in Salisbury (Rhodesië) en Lusaka (Zambië) gelei. ¹⁷ Kaunda se vertroueling, mnr. Mark Chona, en genl. Hendrik van den Bergh, Hoof van die Suid-Afrikaanse Buro vir Staatsveiligheid, het onderskeidelik as gesante van die Zambiese President en Vorster in die onderhandelings opgetree. ¹⁸

Onderhandelings het daartoe gelei dat met die Rhodesiese regering ooreengekom is om 'n grondwetlike konferensie te hou oor die Rhodesiese konstitusionele dispuut. Die aangehoue Swart leiers sou vrygelaat en genooi word om aan die konferensie deel te neem en as 'n *quid pro quo* vir die vrylating van hierdie

17. *Debatte van die Volksraad*, 21 April 1975, kol. 4588 en 7 Februarie 1975, kol. 408–409.

18. *Africa Contemporary Record*, vol. 7, 1974–5, p. A8.

aangehoudenenes, moes terrorisme onmiddellik in Rhodesië gestaak word.¹⁹

Nadat daar voorlopige samesprekings in November gehou is, het hierdie leiersberaad op 6 Desember in Lusaka begin tussen die leiers van die Rhodesiese bevrydingsbewegings: Nkomo, Sithole en Muzorewa, en 'n Blanke Rhodesiese afvaardiging onder leiding van mnr. Jack Gaylard.²⁰ Die Presidente van Zambië, Tanzanië en Botswana was ook teenwoordig en 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging onder leiding van die Sekretaris van Buitelandse Sake, dr. Brand Fourie, het ook by hulle aangesluit.²¹ Die konferensie het egter op 'n dooiepunt uitgeloop weens die onversoenlike vertrekpunte van die onderhandelaars. Op versoek van Kaunda, het die leiers van die bevrydingsbewegings egter ooreengekom om 'n verenigde front te vorm in 'n vergrote ANC onder die presidentskap van Muzorewa.²²

Die vrylating van Nkomo en Sithole en hulle volgelinge uit die gevangenis in Rhodesië om die konferensie by te woon sowel as die feit dat 'n konferensie werklik in Lusaka gehou is, word in die algemeen toegeskryf aan die invloed van Vorster en die gees van détente wat hy saam met Kaunda aangevoer het. Die optrede van Suid-Afrika en Zambië in hierdie verband moet nie as inmenging in die huishoudelike sake van Rhodesië beskou word nie. Hierdie pogings was slegs daarop toegespits om die strydende partye vir onderhandelings bymekaar te bring. Daar is geen voorskrifte aan die Rhodesiese Premier, mnr. Ian Smith, of die Swart leiers gegee is. Suid-Afrika en Zambië het albei van die standpunt uitgegaan dat die Rhodesiese partye self tot 'n vergelyk moes kom.²³

Op 11 Desember het Smith in Salisbury in 'n uitsaaiende aangekondig dat 'n skietstilstandooreenkoms in die bosoerlog bereik is. Hy sou gevolglik alle Swart politieke gevangenes in Rhodesië vrylaat en daar kon 'n grondwetlike konferensie sonder vooraf bepaalde voorwaardes gehou word.²⁴ Die Suid-Afrikaanse Premier het hierdie ooreenkoms verwelkom en verklaar dat die Suid-Afrikaanse Polisie uit Rhodesië onttrek sou word sodra dit bevestig is dat die oorlog beëindig is.²⁵

Daar was egter skerp meningsverskil tussen die Rhodesiese partye oor die terme van die skietstaking. Die ZANU-guerillas het hulle ook nie gebonde gevoel aan 'n ooreenkoms wat deur die vergrote ANC met die Rhodesiese regering aangegaan is nie. Aangesien die geweldpleging nie merkbaar afgeneem het nie, het Smith ook in Januarie 1975 die vrylating van politieke gevangenes stopgesit. Derhalwe het daar weinig van die Lusaka-ooreenkoms in die praktyk gerealiseer en is die guerilla-oorlog gegensins beëindig nie.²⁶

Hierdie vroeë terugslae moet nie as 'n totale mislukking van die vredesoffensief in Suider-Afrika beskou word nie. Daar het wel veel positief uit die aanvanklike pogings voortgespruit — in die sin dat die vier frontliniestate — Zambië, Mosambiek, Botswana en Tanzanië — vir die eerste keer in die geskiedenis met Suid-Afrika saamgewerk het aan 'n moontlike oplossing in Rhodesië. Die feit dat Smith en die strydende Rhodesiese faksies by die onderhandelingsproses betrek is en dat ooreengekom is dat hulle sonder buitelandse inmenging self tot 'n skikking moes kom,

19. *Die Volksblad*, 25 Maart 1975.

20. *Africa Contemporary Record*, vol. 7, 1974–75, pp. A11–A12.

21. *The Cape Times*, 10 Desember 1974.

22. *Africa Research Bulletin*, vol. 11, no. 12, 1–31 Desember 1974, p. 3467BC.

23. Vgl. B.J. Vorster-versameling, PV 132/245, Nigel, 5 November 1974.

24. *Afrika-Instituut Bulletin*, Deel XV, no. 3, 1975, p. 80.

25. B.J. Vorster-versameling, PV 132/257, Nuwejaarsboodskap, 31 Desember 1975.

26. M. Meredith: *The Past is Another Country. Rhodesia: UDI to Zimbabwe*, (London, 1980), p. 167.

dui op vordering wat slegs aan die diplomatieke vernuf van Vorster en Kaunda toegeskryf kan word.

Indien die verdere welslae van détente in Suider-Afrika sou afhang van 'n skikking in Rhodesië, dan was die twee buitepersone wat die meeste invloed kon uitoefen, sonder die minste twyfel Vorster en Kaunda. Aan die een kant het Rhodesië sy oorlewingsrekord na sy onafhanklikheidsverklaring in 'n baie groot mate aan Suid-Afrika te danke gehad, wat 'n beleid van nie-inmenging gevolg het en dus nie aan die sanksieoorlog teen Rhodesië deelgeneem het nie. Aan die ander kant was die welslae van guerilla-bewegings teen Rhodesië in 'n groot mate afhanklik van die steun van Kaunda wat guerilla-basisse in Zambië gehuisves het. Hy kon op sy beurt taamklik invloed uitgeoefen het op die bevrydingsbewegings self, met ander woorde die ANC, en kon hulle moontlik tot sekere toegewings oorreed het wanneer daar 'n konstitusionele konferensie met Smith gehou word.

Gedurende die eerste paar maande van 1975 was daar voortdurend oorlog, hoofsaaklik op die inisiatiewe van Vorster en Kaunda, maar dit het duidelik begin word dat die gaping tussen die eise van die ANC en dié van Smith te groot was en daar is gevolglik geen vordering met die samesprekings gemaak nie. Die situasie is nog verder gekompliseer toe eerw. Sithole op 4 Maart in Rhodesië in hegtenis geneem is en daar aangekondig is dat hy in 'n spesiale hof sou verskyn op aanklag dat hy saamgesweer het om sy Swart politieke opponente te vermoor. Die ander ANC-leiers het die inhegtenisname veroordeel en het verdere samesprekings met die Rhodesiese regering afgestel en verklaar dat hulle nie na die konferensietafel sou terugkeer voordat Sithole en alle ander politieke gevangenes vrygelaat is nie.²⁷ Afgesien van hierdie hernede spanning het daar skynbaar ook ernstige meningsverskille in die geledere van die verenigde ANC voorgekom wat uit die verskillende sienings van ZAPU, ZANU en die oorspronklike ANC voortgespruit het. Hierdie geskille, tesame met die groeiende kloof tussen die militante Swart leiers en die Rhodesiese owerheid, het die moontlikheid van 'n skikking teen die einde van Maart laat vervaag.²⁸

Vorster en Kaunda was verontrus deur die opskorting van samesprekings tussen Smith en die ANC. Op 17 en 18 Maart is daar 'n spitsberaad tussen Vorster en Smith in Kaapstad gehou. In 'n verklaring na afloop van die beraad, het dit geblyk dat albei regerings gretig was dat die gesprekke tussen Smith en die ANC so gou as moontlik hervat moes word.²⁹ Terselfdertyd het daar samesprekings tussen Kaunda en die ANC-president, Muzorewa, plaasgevind. Kaunda moes deur middel van Muzorewa poog om die brose ANC bymekaar te hou as die enigste erkende verteenwoordigende organisasie wat namens Rhodesië se Swartmense by 'n konferensietafel kon aansit en tweedens moes hy sy invloed gebruik om 'n eskalاسie van terroristegeweld te voorkom.³⁰ Hierdie onderskeie samesprekings het nuwe hoop laat opflikker dat die dreigende dooiepunt oor die Rhodesiese geskil afgewend kon word.

Nadat dr. Hilgard Muller, Suid-Afrika se Minister van Buitelandse Sake, Salisbury op 3 April besoek het, het Smith op 4 April die verrassende aankondiging gemaak dat Sithole vrygelaat is ten spyte daarvan dat hy deur 'n hof aan terrorisme skuldig bevind is. Hy is op versoek van Muzorewa, die frontliniëpresident en die Suid-

27. *Keesing's Contemporary Archives*, vol. 21, 21–27 April 1975, p. 27083; *Die Volksblad*, 5 Maart 1975.

28. *Afrika-Instituut Bulletin*, Deel XV, no. 3, 1975, p. 80.

29. *Keesing's Contemporary Archives*, vol. 21, 21–27 April 1975, p. 27083; *Eastern Province Herald*, 20 March 1975.

30. *Die Vaderland*, 18 Maart 1975.

Afrikaanse regering vrygelaat om die OAE-konferensie in Dar-es-Salaam te gaan bywoon. Smith het toegegee dat "... it is not a decision to which the Rhodesian Government readily agrees. However, we were assured that to do so would significantly assist the cause of détente."³¹

Die sukses wat Vorster tot op hierdie stadium met sy ontspanningspolitiek behaal het, word ook duidelik weerspieël deur die besluit van die OAE om 'n spesiale sitting in Dar-es-Salaam te hou sodat daar oor sy beleid teenoor die Blanke regerings besin kon word. Die spesiale sitting is aangevra deur Algerië, een van Suid-Afrika se geniepsigste vyande, met die doel om die ander Swart state op te roep tot groter en dringender wapenaksie teen die Blanke Suide.³² Hierdie standpunt van Algerië was verteenwoordigend van sommige van die militante Afrika-leiers wat uitgesluit gevoel het van die samesprekings in die Suide wat deur Kaunda en Nyerere georkestreer is met die ondersteuning van die Presidente van Zaïre, Botswana en die toekomstige President van Mosambiek.

Tydens die buitengewone byeenkoms van die Ministersraad van die OAE in April 1975, het mnr. Vernon Mwaanga, die Zambiese Minister van Buitelandse Sake, die konferensiegangers oortuig dat Zambië, Tanzanië, Botswana en Mosambiek se bereidwilligheid tot hernude kontak met Suid-Afrika geen afwyking van die verklaarde beleid van die OAE was nie. Mwaanga was ook vol hoop dat Suid-Afrika sy polisie binne twee maande uit Rhodesië sou onttrek in weerwil van struikelblokke in die grondwetlike vraagstuk wat nog nie oorkom was nie. Mwaanga se aankondiging van 'n tydrooster vir terugtrekking, is deur diplomatieke waarnemers gesien as nog 'n versigtige aansporing aan Suid-Afrika om Smith te oorreed om toegewings aan die ANC te maak. Ter verdediging van Zambië se kontak met Suid-Afrika, het Mwaanga verklaar: "... I therefore state categorically, as I have said many times before, that Zambia and her friends have not been engaged in dialogue with South Africa. After all, one can only dialogue with a friend. The term détente is not in our vocabulary. The initiative in the current exercise came from Prime Minister Vorster. The sole objective in our response was to liberate Zimbabwe, secure the independence of Namibia and demand the end of apartheid."³³

Na afloop van die samesprekings het die Ministersraad uiteindelik 'n eenparige besluit geneem waarin détente goedgekeur is. In hierdie verklaring, bekend as die Dar-es-Salaam-deklarasie, het die 42 state hulle ongekwalifiseerde steun toegesê aan onderhandelings wat daarop gemik was om 'n meerderheidsregering in Rhodesië te verkry. Indien die onderhandelings egter misluk, sou die gewapende aanslag in hierdie gebied verskerp word. Die ontspanningspolitiek van Vorster is egter verwerp en hy is daarvan beskuldig dat hy die internasionale mening probeer verwar en die OAE probeer verdeel. 'n Reeks besluite om Suid-Afrika verder te isoleer, is ook geneem.³⁴

Alhoewel détente en dialoog met Suid-Afrika verwerp is, het dit tog deurgeskemer dat oorlegpleging en kontak met die Republiek in sekere omstandighede toelaatbaar was. Die positiewe en verblydende deel van die Deklarasie was dat Afrika by monde van sy eenheidsorganisasie sy lede toegelaat het om aan Suid-Afrika die geleentheid te bied om deur onderhandelings die geskille in hierdie deel van die

31. *Keesing's Contemporary Archives*, vol. 21, 21–27 April 1975, p. 27086; *Africa Contemporary Record*, vol. 8, 1975–76, p. A44.

32. *The Natal Mercury*, 6 March 1975.

33. *Southern Africa Record*, no. 2, June 1975, p. 31.

34. *Southern Africa Record*, no. 2, June 1975, pp. 37–43.

vasteland by te lê. Die Deklarasie het egter ook 'n dreigement bevat. Indien bogenoemde vreedsame metodes misluk het, sou Afrika deur middel van terrorisme en geweld self die verandering in Rhodesië, Suidwes-Afrika en Suid-Afrika aanbring. Die konferensie kan ook as 'n belangrike mylpaal in die bepaling van betrekkinge tussen Suid-Afrika en die res van die vasteland van Afrika beskou word. Dit was nie 'n oorwinning vir die valke of die duiwe nie, maar wel 'n bevestiging van die wye pragmatisme wat op leiersvlak op die vasteland van Afrika bestaan het. Die doelwitte wat uiteengesit is in die Lusaka-manifes is nie prysgegee nie, maar weer bevestig.

Intussen was Vorster besig om aanvoorwerk te doen vir die onttrekking van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) uit Rhodesië. Reeds op 21 April 1975 het hy in 'n toespraak in die Volksraad aangedui dat die onttrekking van die Suid-Afrikaanse Polisie 'n ernstige oorgeweging geword het. Hy het dit benadruk dat die teenwoordigheid van die polisie in Rhodesië niks met die handhawing van wet en orde te doen gehad het nie. Dit het slegs daarom gegaan om die insypeling van guerillas in Rhodesië na Suid-Afrika as hul uiteindelijke mikpunt, te keer. Vorster sou egter nie toelaat dat die teenwoordigheid van die SAP 'n steurende faktor in die oplossing van die Rhodesiese geskil word nie. Toekomstige besluite met betrekking tot die polisie moes gevolglik hiermee in verband gebring word.³⁵

Tydens 'n vergadering te Boksburg op 26 Junie het Vorster ook daarop gewys dat Rhodesië se beleid ten opsigte van die Swartmense hemelsbreed van dié van Suid-Afrika verskil het, omdat dit inherent in Rhodesië se beleid was dat hulle uiteindelik 'n meerderheidsregering sou kry. Alhoewel Suid-Afrika bereid was om Rhodesië se laste te dra, het Vorster gevoel "dat as van my verwag word dat ek vir Suid-Afrika se seuns moet gaan sê om hulle dood in Rhodesië te gaan soek om sekere mense in 'n gepriviligeerde posisie daar te hou, strydig met hulle beleid, dan sê ek vir u nou ek is nie bereid om dit te doen nie."³⁶ Die onttrekking van die polisie uit Rhodesië is op 1 Augustus 1975 deur die Suid-Afrikaanse Minister van Polisie, mnr. J T Kruger aangekondig. Daar was in hierdie stadium net meer as 200 man in Rhodesië oor en hulle was reeds vir 'n geruime tyd onttrek uit aktiewe diens en beperk tot hulle basis-kampe.³⁷

Intussen het Suid-Afrika en Zambië voortgegaan met hul vertroulike diplomatie ten einde die verskillende belanghebbendes by samesprekings met die oog op 'n grondwetlike beraad te betrek. In 'n belangrike ontmoeting tussen die verteenwoordigers van Suid-Afrika en Rhodesië met mnr. Mark Chona, namens die frontliniestate en die ANC, is daar op 9 Augustus in Pretoria 'n ooreenkoms bereik wat die pad voorberei het vir die historiese brugberaad. Die Rhodesiese regering en die leiers van die ANC het ooreengekom om formele samesprekings, sonder enige voorwaardes daaraan verbonde, te hou in Suid-Afrikaanse spoorwegwaens wat getrek sou word op die Victoriawatervalbrug wat Rhodesië en Zambië verbind.³⁸ Op 25 Augustus het die brugberaad tussen lede van die Rhodesiese regering onder leiding van Smith en 'n afvaardiging van twaalf ANC-lede onder leiding van Muzorewa begin.³⁹ Die verrassende aankondiging die vorige dag dat Vorster en Kaunda ook die beraad sou bywoon, het die geleentheid ver bo die belangrikheid van 'n blote ondertekening van 'n verklaring

35. *Debatte van die Volksraad*, 21 April 1975, kol. 4591.

36. B.J. Vorster-versameling, PV 132/274, Boksburg, 26 Junie 1975.

37. *Southern Africa Record*, no. 3, October 1975, p. 46.

38. *African Affairs*, vol. 75, no. 299, April 1976 (O. Geysler: Détente in Southern Africa), p. 205; *Africa Contemporary Record*, vol. 8, 1975–76, p. A49; *Die Burger*, 9 Augustus 1975.

39. *Keesing's Contemporary Archives*, vol. 21, 20–26 October 1975, p. 27400; *Die Vaderland*, 25 Augustus 1975.

van voorneme verhef. Hulle invloed op die beraad moet ook nie onderskat word nie.

Vroeg die oggend ná Vorster se aankoms per vliegtuig by die waterval, is hy en sy geselskap wat bestaan het uit Muller, Fourie, Van den Bergh en twee lyfwagte, deur Chona op die brug ontmoet en na 'n hotel op die Zambiese oewer geneem waar die historiese ontmoeting tussen Vorster en Kaunda plaasgevind het. Nadat hulle eerste samesprekings daar plaasgevind het, het hulle die opening van die beraad op die trein bygewoon en toe hulle eie samesprekings in 'n spoorwegwa op Rhodesiese grondgebied – Victoriawatervalstasie – verder gevoer. Vorster het nog dieselfde dag teruggekeer na Suid-Afrika terwyl Kaunda en Muller die aandverrigtinge van die brugberaad bygewoon het.⁴⁰

Smith en Muzorewa kon weer eens nie daarin slaag om 'n oplossing vir die Rhodesiese grondwetlike geskil te vind nie. Die mislukking van die beraad kan hoofsaaklik aan die onversoenbare standpunte van die twee partye toegeskryf word. Smith het op 26 Augustus in Salisbury erkenning gegee aan die rol wat Vorster gespeel het in die onderhandelings. Hy het daarop gewys dat Vorster geen steen onaangeroer gelaat het in hierdie poging nie en dat Vorster baie goed ondersteun en aangemoedig is deur Kaunda. Hulle afwesigheid tydens die samesprekings self moes nie gesien word as 'n gebrek aan belangstelling nie, maar eerder om aan die belanghebbendes die geleentheid te verskaf om hulle eie onderhandelings sonder inmenging te voer. Ten spyte van die mislukking van die beraad, het Smith gewys op die nouer bande wat gesmee is en die waardevolle kontak wat gemaak is tussen die regerings van Rhodesië, Zambië en Suid-Afrika.⁴¹

Vorster het ook sy teleurstelling oor die mislukte beraad uitgespreek. Ten spyte van die struikelblokke en probleme, sou hy en Kaunda egter voortgaan om 'n oplossing te probeer vind. Hy was ook baie dankbaar oor die vrugbare onderhandelings wat hy met Kaunda kon voer. Oor die houding van die Zambiese President teenoor die gebeure in Afrika, het Vorster verklaar: "With regard to President Kaunda, I was impressed with his sincere desire, just like South Africa, to try and bring peace to Southern Africa."⁴² Zambië se sleutelposisie in Suider-Afrika en die militante houding wat Kaunda soms vroeër ingeneem het, het die ontmoeting meer merkwaardig gemaak. Die brugberaad kan as 'n hoogtepunt in die diplomatieke onderhandelings tussen Suid-Afrika en Zambië beskou word. Dit het openlik geïllustreer tot watter mate die twee leidende regerings in Suidelike Afrika bereid was om te probeer om die area se probleme op te los.

Terugkeer na die gespanne verhouding van vroeër

Na die mislukte brugberaad, het die inisiatief vir 'n vreedsame skikking in Rhodesië uit die hande van Vorster en Kaunda gegaan en hulle het nie weer enige deurslaggewende rol in die skikkingsproses gespeel nie. Die Rhodesiese dooiepunt het egter die proses van vreedsame onderhandeling tussen die regerings van Suider-Afrika verder bemoeilik. Kaunda het homself in die dilemma bevind dat sy skakeling met en toenaadering tot Suid-Afrika nie die soort verwagte druk van Suid-Afrika op Rhodesië kon ontlok wat die Smith-regeringsoornag tot 'n val kon bring nie. Die Zambiese leier

40. *Keesing's Contemporary Archives*, vol. 21, 20–26 October 1975, p. 27400; *Die Volksblad*, 25 Augustus 1975.

41. *Southern Africa Record*, no. 4, February 1976, pp. 10–12; *Die Volksblad*, 27 Augustus 1975.

42. B.J. Vorster-versameling, PV 132/277, Toespraak in Prtoría, 26 Augustus 1975.

was verplig om polities al versigtiger te raak met betrekking tot die opvolging van dialoog met Suid-Afrika omdat hy die risiko begin loop het om sy geloofwaardigheid in Afrikageledere te begin inboet. Trouens, sekere militante Afrika-leiers het na hom en ander gematigde leiers op die subkontinent begin verwys as instrumente van die sogenaamde "rassiste" en "neo-koloniste". Na die ontmoeting tussen Vorster en Kaunda op 25 Augustus het president Idi Amin byvoorbeeld in sy hoedanigheid as OAE-voorsitter verklaar dat die President van Zambië besig was om Afrika uit te verkoop en dat hy nie toegelaat behoort te word om die beraadslagings van die OAE by te woon nie.⁴³

Ondanks die vordering wat daar in Augustus 1975 gemaak is tydens die Rhodesiese grondwetlike beraad, het die Zambiese ambassadeur by die Verenigde Nasies, mnr. Dunstan Kamana, op 13 Oktober 1975 in die Algemene Vergadering ontken dat sy land in enige détente-oefening met Suid-Afrika betrokke was, en verklaar dat hy verbind bly tot die stryd om Blanke minderhede en bewinde in Suider-Afrika uit te wis. Volgens hom was Zambië se kontak met Suid-Afrika alleenlik daarop ingestel om 'n vreedsame oplossing in Rhodesië op 'n meerderheidsgrondslag te bewerkstellig en het dit geen ander doel voor oë gehad nie.⁴⁴

Kaunda se onvermoë om Suid-Afrika effektief as "hefboom" te gebruik om vinnig 'n Swart meerderheidsregering in Rhodesië tot stand te bring, het daartoe gelei dat hy weer volgens sy ou styl Suid-Afrika en Rhodesië woordeliks begin aanval het en met ou aansprake vir die abdikasie van Wit minderhede voor die dag gekom het. Aan die einde van 'n vyfdaagse besoek aan Mosambiek in April 1976, het Kaunda en president Samora Machel in 'n gesamentlike verklaring openlik hulle ondersteuning aan 'n guerilla-aanslag teen Suid-Afrika verleen.⁴⁵

Hierdie houding van Kaunda het Vorster geensins aangestaan nie en Vorster het in 'n kragtige beleidstoespraak in die Volksraad vir Kaunda gewaarsku dat, ten spyte van die goeie verstandhouding wat hy met Kaunda opgebou het en die waardering wat hy vir hom het, Kaunda nie met sy uitlatings die boog moes oorspan nie, want dit kan te ver gaan en hulle sal nie die gevolge daarvan kan dra nie.⁴⁶

Teen Augustus 1976 was dit egter al duidelik dat Suid-Afrika nie veel sukses behaal het met sy ontspanningspolitiek nie. Kaunda het besluit om Suid-Afrika by die Veiligheidsraad daarvan aan te kla dat sy gewapende magte op 11 Julie 'n aanval vanuit die Caprivistroom op 'n SWAPO-kamp by Sialola op Zambiese grondgebied geloods het. Kaunda het 'n bitter aanval op Vorster geloods en hom onder andere daarvan beskuldig:

- *dat hy regstreeks verantwoordelik was vir die eskalاسie van geweld en die krisissituاسie in Suider-Afrika;
- *dat hy die Smith-regering op sy voete gehou het en verantwoordelik was vir die feit dat Rhodesië 'n volskaalse oorlog in die gesig staar, en,
- *in verband met die beweerde aanval deur Suid-Afrikaanse troepe op die Zambiese dorp Sialola, dat hy sy troepe gestuur het om lewe en eiendom in Zambië te verwoes.⁴⁷

43. *Afrika-Instituut Bulletin*, Deel XVI, nos. 9 en 10, 1976, pp. 299–300 en nos. 1 en 2, 1976, p. 26.

44. *Die Suidwester*, 14 Oktober 1975.

45. *Debatte van die Volksraad*, 27 April 1976, kol. 5503.

46. *Debatte van die Volksraad*, 22 April 1976, kol. 5232.

47. *Progress*, August 1976, p. 1.

Suid-Afrika het die beweerde aanval uitdruklik ontken en het na aanleiding van 'n Libiese voorstel, ingestem dat 'n VN-feitesending 'n ondersoek ter plaatse aflê. Laasgenoemde is egter nooit aan die orde gestel nie. Zambië het in die Veiligheidsraad verklaar dat hy sy bes gedoen het om 'n vreedsame verandering in Suid-Afrika teweeg te bring, maar dat sy pogings weens die onversetlikheid van die Blanke minderhede gefaal het. Zambië het derhalwe 'n skoon gewete gehad en was onherroeplik gebonde daartoe om sy steun aan 'n gewapende stryd vir die bevryding van Suider-Afrika te verleen. Die Veiligheidsraad het, met die uitsondering van die VSA, die beweerde aanval op Zambië onderskryf en Suid-Afrika vir hierdie daad veroordeel.⁴⁸ Sialola het gevolglik die simbool van die Zambiese breuk met Suid-Afrika geword. Dit was die einde van Zambië se deelname aan die ontspanningspolitiek — 'n poging wat Vorster met soveel belofte aangevoer en opgevolg het, en waaraan Kaunda met vrug deelgeneem het.

Slot

Die onbevredigende situasie in die tussenstaatlike betrekkinge van Zambië en Suid-Afrika moet ongetwyfeld aan die wispelturige wyse waarvolgens Zambië diplomatiek met Suid-Afrika beoefen het, toegeskryf word. Kaunda het steeds probeer om op twee stoele te sit. Die ekonomiese realiteite van sy land, onderstreep deur die voortslepende guerilla-stryd in sy buurland, het hom tot dialoog en die beoefening van die ontspanningspolitiek met Suid-Afrika gedwing. Hy het egter telkens geswig onder druk van Afrika-militantes, wat onder die dekmantel van een-mens-een-stem, die *uhuru*-proses in Suider-Afrika wou voltooi.⁴⁹

Aan die ander kant moet daar ook kennis geneem word dat Zambië die Suid-Afrikaanse Blankes en Suid-Afrika se Afrika-gebondenheid, nie betwyfel het nie. Daarvan het die Lusaka-manifes in ruim maat getuig. Zambië het ook onderhandelings bo geweld verkies om sy bevrydingsideale te verwesenlik. Binne die raamwerk van state as gelykes en van nie-inmenging in mekaar se binnelandse aangeleenthede, het Vorster ook na Zambië uitwaarts beweeg. Op vertroulike wyse en weg van die openbare oog, is daar met groot geduld oor jare heen hieraan gearbei, terwyl handelsbetrekkinge en samewerking op verskillende terreine sinvol uitgebou is. Die brugberaad op die Zambezi was 'n dramatiese bewys dat state, ondanks verskille oor interne beleid, sinvol kan saamwerk. Dit het Afrika en die vrye wêreld verstom en Vorster en Kaunda is vir hulle staatsmanskap geloof. Die persoonlike ontmoeting tussen Vorster en Kaunda het ook baie bygedra om die *persona non grata*-etiket, wat die grootste deel van Swart Afrika Suid-Afrika omgehang het, te neutraliseer. Ondanks die mislukking van die brugberaad, was dit 'n bewys van die vermoë van diplomatie om geskille tussen state deur onderhandeling en dialoog te probeer besleg.⁵⁰

48. *Die Transvaler*, 30 Julie 1976; *Die Vaderland*, 31 Julie 1976; *To the Point*, vol. 5, no. 33, 13 August 1976, p. 7.

49. Vgl. J.J. Swanepoel: *Die Diplomatie van adv. B.J. Vorster*, (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1982), pp. 212–213.

50. *Ibid.*, p. 213.